

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

NR. 154, Okt. 1980

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

## ***Bewaar die Huwelik***

*"Jy mag nie egbreek nie."*

*(Exodus 20:14)*

## ***Hoe moet oor voorhuwelikse seks geoordeel word?***

### **SEKS IS 'N GAWE VAN GOD.**

Seks kom nie van die duiwel nie, maar van die Here. Dit is ook die Here wat aan man en vrou 'n seksuele verlange na mekaar gegee het, ook met die oog op voortplanting, en 'n genot aan die geslagsdaad verbind het. Ook in hierdie opsig het God die mens "baie goed" geskape (Gen. 1:27-31).

### **GESLAGSOMGANG SE PLEK IS IN DIE HUWELIK.**

Geslagsgemeenskap word in die Bybel onder andere aangedui met die uitdrukking "een vlees wees". Dit moet geskied binne die huwelik waarin man en vrou deur God saamgevoeg is (Gen. 2:24; Mat. 19:4-6; I Kor. 6:16; Ef. 5:31). Binne die huwelik is geslagsgemeenskap deel van die normale lewe van getroudes (Gen. 29:21; Ex. 21:10).

### **SEKS VOOR DIE HUWELIK.**

Buite die huwelik is dit verbode dat man en vrou "een vlees word" (I Kor. 6:16).

Die woord *hoerery* word dikwels in die Bybel gebruik. Dit sien op geslagsgemeenskap voor die huweliksbevestiging, of as dit *na* die huweliksbevestiging plaasvind met 'n ander man of vrou as die een met wie jy getroud is.

So 'n hoerery word ten strengste deur God veroordeel en verbied. Dit blyk baie duidelik uit die Woord van die Here.

In I Korinthiërs 6:10 sê Paulus: "*Geen hoereerder sal die koninkryk van God beërwe nie*". En in Efesiërs 5:5 verklaar hy dat *,geen hoereerder 'n erfdeel in die koninkryk van Christus en van God het nie*". Volgens Hebreërs 13: 6 sal God *Hoereerders en egbrekers oordeel*". En in Openbaring 21:8 word uitdruklik ook van die *hoereerders* gesê dat "Hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood". In die lig hiervan kan ons ook verstaan waarom Paulus met soveel nadruk sê: "*Vlug vir die hoerery*" (I Kor. 6:18) (Lees I Kor. 6:13-20).

Uit hierdie uitsprake is dit duidelik dat hoerery uitdruklik deur God verbied is. Die ewige oordeel van God wag op diegene wat daarin volhard.

Op die pad van seksuele omgang buite die huwelik kom ons dus geen enkele groen of selfs geel lig teë nie, maar net groot en duidelike rooi ligte.

### ***Grense in die Verlowingstyd***

Die verlowing het by ons nie presies dieselfde vorm en betekenis as wat dit by Israel en die gelowiges gehad het in die tyd waarin die Bybel geskryf is nie. Tog is daar in beide gevalle die belangrike ooreenkoms dat dit beskou is en beskou word as 'n voorlopige binding met die oog op die huwelik. Hierdie band was by Israel so sterk dat verloofdes in sekere opsigte op dieselfde wyse beskou en behandel is as getroudes (Deut. 22:23-29). Daarom word daar van die verloofde meisie gepraat as "die vrou" van haar verloofde (Deut. 22:24). Desondanks het hulle tydens die verlowing geen geslagsgemeenskap met mekaar gehad nie, soos blyk uit die geskiedenis van Jakob (Gen. 29:18-23). Dit kom ook duidelik tot openbaring in die geskiedenis van Josef en Maria. Hoewel hulle verloof was, was sy tog 'n maagd (Luk. 1:27).

In hierdie verband is 2 Kor.11:2 van besondere belang. Daar skryf Paulus aan die Korinthiërs: "Want ek het julle aan een man verbind om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel".

Die verhouding tussen Christus en sy gemeente word hier net soos op ander plekke in die Skrif (vgl. Ef. 5:22-23; Openb. 19, ens.) voorgestel as die verhouding "aan een man verbind", sien op die verlowing, en die woorde "aan Christus voor te stel" op die huwelik.

Die hele gedagte wat aan hierdie uitspraak van Paulus ten grondslag lê, is dat die meisie 'n maagd moet wees as sy in die huwelik tree. Dit impliseer dat daar geen geslagsgemeenskap voor die huwelik mag plaasvind nie, ook nie tydens die verlowing nie.

*P.J. de Bruyn.*

## Hoe ver mag verliefdes gaan?

In die lig van die voorgaande en met die oog op die praktyk kan gevra word: Hoe ver kan 'n jongman en 'n meisie gaan in hofmakery en liefdesbetuigings?

Dat dit in die liefdesbetuigings nie net by woorde alleen kan bly nie, spreek feitlik vanself. Die liefde wil ook op fisiese wyse betuig word. Daarom kan en moet hulle ook daartoe kom om mekaar te soen, te omhels, hulle teen mekaar vas te druk, ensovoorts.

Tog moet dit altyd gedoen word in die besef dat hulle bewustelik daarteen moet waak om nie deur hulle drange en emosies oorweldig te word en tot geslagsgemeenskap te kom nie. Daarom moet enige situasie wat daartoe aanleiding kan gee, voorkom word. Heel konkreet sê Walter Trobisch dat as twee bymekaar gaan lê en begin om mekaar te ontklee, hulle reeds verby is by die punt waar omdraai nog moontlik is. Dit beteken dat hulle moet sorg dat so 'n situasie nie ontstaan nie. Daarom behoort 'n jongman en meisie wat mekaar liefhet, ernstige oorweging te skenk aan die volgende praktiese wenke:

1. Bespreek by geleentheid (beslis nie elke dag nie) die hele kwessie van geslagsgemeenskap openlik en eerlik in al sy aspekte wat van belang mag wees. Besluit dan vir julleself dat julle, volgens die eis van die Here, daarmee gaan wag tot en met julle huwelik. Tree daarna daadwerklik volgens hierdie besluit op en bid die Here voortdurend om julle te help om dit altyd te doen.
2. Bly weg uit gevaarlike situasies wat kan hand uitruk. As julle alleen saam is in die slaapkamer van 'n huis of hotel of op die agterste sitplek van 'n motor, is daar miskien meer verleiding as wat julle die hoof kan bied (Evelyn Duvall).
3. Besef dat 'n drinkery en langdurige vryery, erotiese rolprente en gewaagde praatjies almal 'n atmosfeer skep waarin julle maklik verder kan gaan as wat julle bedoel het (Evelyn Duvall).
4. Hou in mekaar se teenwoordigheid al julle klere aan en laat die hande nie onder die klere kom nie (Barry Chant).
5. Vervroeg eerder julle huwelik as om toe te gee aan die verleiding tot voorhuwelikse geslagsgemeenskap.
6. Onthou altyd dat 'n mens nooit goedkoop sondig nie.

*P.J. de Bruyn*

*Oorgeneem uit: Dominee ek wil weet.*

## **Waarom trou en nie saamwoon nie?**

### **AKTUALITEIT.**

Deesdae word steeds meer mense, en besonderlik jongmense, aangetref wat saamwoon en saamlewe soos getroudes, maar wat tog weier om in die huwelik te tree. Onder hulle is daar persone wat om verskeie redes by die algemene publiek goed bekend is.

Deur hierdie mense word smalend na die huweliksertifikaat verwys as 'n "stukkie papier" of selfs as 'n "nuttelose papiertjie" wat aan hulle verhouding en lewenswyse geen verandering ten goede sal maak nie, maar eerder nuwe probleme kan skep.

Hulle beskou saamwoonery as 'n soort proefhuwelik waardeur hulle kan vasstel of hulle wat gesindheid en karakter betref en in sake soos belangstelling, finansies, seks, ensovoorts, werklik bymekaar sal aanpas of nie. Wanneer dit dan blyk dat hulle nie met mekaar oor die weg kom nie, is dit baie makliker om uitmekaar te gaan as om 'n huwelik deur 'n egskeiding te ontbind.

Oor baie van hierdie sake kan geredeneer en gediskusseer word, maar vir die christen is dit van primêre belang om te weet wat die wil van die Here in hierdie verband is.

### **WAT SÊ DIE BYBEL?**

In Genesis 2:18-25 lees ons dat God vir die man 'n vrou geskape het wat by hom pas, haar self na hom gebring en gesê het: "Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees."

Hier word die huwelik aan ons voorgedra as 'n instelling van God.

Christus self het dit ook as sodanig beskou, want met verwysing na genoemde mededelings in Genesis 2 sê Hy: "Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie" (Mat. 19:4-6).

Dit is duidelik dat hierdie saamvoeging deur God geskied. Dit geskied nie op 'n los basis van wedersydse beloftes van 'n man en 'n vrou sonder meer nie, nee, dit geskied in 'n instelling of instituut wat 'n bepaalde status of erkenning binne die gemeenskap het. Hierdie instelling of instituut is die huwelik. Dit kan tog nie ontken word nie dat dit die strekking en betekenis van die woorde van Christus is, dat die man en vrou tot 'n eenheid saamgebind moet word binne die samelewingstruktuur wat deur God vir die doel daargestel is, en dit is die huwelik. Wat moet nou gebeur as mense die gawe van seksuele onthouding nie het nie, maar soos enige normale mens tot 'n persoon van die ander geslag aangetrokke voel?

Die Skrif is by monde van Paulus hieroor baie duidelik. Hy sê nie dat sulke mense maar op 'n los basis soos getroudes moet saamwoon nie, maar hy verklaar uitdruklik: "*Laat hulle trou*" (I Kor. 7:9).

Verder sê Paulus: "Maar vanweë die hoererye moet elke man sy eie vrou hê, en elke vrou moet haar eie man hê" (I Kor. 7:2).

In die Skrif word *hoereerders* veroordeel as mense wat die koninkryk van God nie sal beërwe nie (I Kor. 6:10; Ef. 5:3, 5; Openb. 21:8). Uit die oorspronklike taal is dit duidelik dat met hoerery (porneia) alle buite-egtelike geslagsgemeenskap bedoel word, dit wil sê die vóór die huwelik en die ná die huwelik met iemand anders as jou wettige man of vrou. Daarom kan geen buite-egtelike saamwoon van 'n man en 'n vrou deur hierdie uitspraak van Paulus (I Kor. 7:2) geregtig word nie; intendeel, hierdie uitspraak *juis* bedoel om alle buite-egtelike geslagsgemeenskap bo alle twyfel af te wys en mense aan te spoor om hulle aan mekaar te verbind binne die instelling wat deur God daargestel is, naamlik die huwelik. Dit word bevestig deur wat Paulus direk daarna aan die *getroude* man en vrou sê (I Kor. 7:3-5).

Uit dit alles behoort dit duidelik te wees dat die huwelik 'n instelling van God is waarbinne die saamlewe van man en vrou — seksueel en andersins — behoort plaas te vind. Daarom geld ook daarvan wat van die owerheid as instelling van God gesê word, naamlik dat die wat hulle eie kop wil volg en die instelling van God weerstaan, die oordeel van God sal ontvang (Rom. 13:1,2).

## **IN RUSLAND.**

Dit wat in Rusland gebeur het, is 'n bevestiging hiervan. Na die rewolusie in 1918 is die huwelik vir alle praktiese doeleindes afgeskaf. Die gevolge was so fataal dat hulle na 'n kort rukkie nie anders kon nie as om die huwelik so sterk as moontlik te propageer en buite-egtelikheid te veroordeel.

## **DIE "STUKKIE PAPIER".**

Iets oor die tot vervelens toe verwysing na die huweliksertifikaat as "stukkie papier" of selfs 'n "nuttelose papiertjie".

Sou die mense 'n tjek ter waarde van 'n miljoen rand wat aan hulle uitgemaak is ook as 'n "stukkie papier" beskou? Natuurlik nie, want dit gaan nie om die papier nie, maar om dit wat daarop staan. Daarom is die huweliksertifikaat ook nie maar net 'n "stukkie papier" nie, maar 'n sigbare bewys dat gehandel is volgens die wil van God en dat hulle lewenslank aan mekaar liefde en trou beloof het.

*P.J. de Bruyn*

*Oorgeneem uit: Dominee, ek wil weet.*

## ***Egskeiding***

So, dan het u nou finaal besluit om maar te skei?

Ja, dit kan deesdae nogal redelik maklik geskied. Dit kos wel 'n klompie geld, maar 'n mens kan darem altyd 'n plan maak.

Ek verstaan.

Maar tog wil ek u vra om eers oor 'n belangrike saak na te dink.

Besef u dat u nou 'n weg betree waarop die seën van die Here beslis nie rus nie? Of, om dit nog duideliker te stel: Besef u dat u 'n weg betree wat uitdruklik deur God verbied word? Die Here sê dit tog uitdruklik in die Tien Gebooie: "*Jy mag nie egbreek nie*" (Ex. 20:14).

En boonop is dit ook nie die enigste plek in die Bybel waar die Here egskeiding veroordeel nie.

Ons lees dat die Here by monde van die profeet Maleagi aan die Jode gesê het: "En boonop doen julle dit: Julle bedek die altaar van die Here met tranes, met geweens en versugting, omdat Hy hom nie meer wend na die offer nie en dit van julle hand nie aanneem as welgevallig nie. En julle vra: Waarom? Omdat die Here getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug aan wie jy ontrou geword het, terwyl sy tog jou metgesel is en die vrou van jou verbond ... *Want Ek haat egskeiding, sê die Here*" (Mal.2: 13-16).

En as Christus gevra word wat Hy van egskeiding dink, sê Hy presies dieselfde. Hy sê: "Wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie ... Ek sê vir julle *elkeen wat van sy vrou skei*, behalwe oor hoerery, en 'n ander een trou, *pleeg egskeiding*; en die wat die geskeie vrou trou, *pleeg egskeiding*" (Mat. 19:6, 9).

Ek hoop dat dit vir u nou duidelik is dat u teen die wil van God handel as u deurgaans met u voorgenome egskeiding. Egskeiding is sonde, wetsoortreding, ongehoorsaamheid. Dit is 'n weg waarop u *nie* kan staat maak op die hulp en die seën van die Here nie, en ... as die Here nie ons handeling seën nie, dan sal dit niks anders oplewer as smart, verdriet, selfverwyt, onrus, skuldgevoelens, ensovoorts nie, en beslis nie geluk en vreugde nie.

Dink ook aan die woorde van Psalm 127: "As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter".

Ek is daarvan bewus dat Christus gesê het dat owerspel wel 'n wettige rede vir egskeiding is (Mat. 19:9). En veral as so 'n owerspel nie slegs 'n enkele maal nie, maar by herhaling voorkom, word dit soms 'n onmoontlike situasie en bly daar vir 'n mens geen ander weg oop as egskeiding nie.

Maar al sê Christus dat u dan *die reg* het om te skei, sonder om u voor God te besondig, sê Hy nog nie dat u *moet* skei nie. Deur berou, skuldbelydenis en vergewing sal selfs dan baie meer bereik word as deur 'n egskeiding.

U dink miskien dat ek koud, hard en gevoelloos is en geen begrip het vir alles wat u tans moet deurmaak nie.

Maar dit is nie so nie. Ek het al te dikwels met die verskriklikste huweliksprobleme te doen gekry om nou daarvan beskuldig te word dat ek nie weet waarvan ek praat nie. Maar daarom kan ek u ook verseker dat baie van daardie egskeidings geen oplossing gebied het nie, maar veel eerder 'n sprong gewees het uit die pan in die vuur — veral waar mense skei omdat hulle reeds voor die egskeiding 'n verhouding met 'n ander persoon aangeknoop het. Ek is nie hard en gevoelloos nie. Maar ek wil u net betyds waarsku: As u op 'n pad gaan wat God nie seën nie, moet u daarmee rekening hou dat die vreugde en geluk wat u hoop om deur u egskeiding te verkry, dalk soos 'n kaarthuis in mekaar sal stort. En die tweede dwaling sal erger wees as die eerste.

Ek sou u 'n verskriklike onreg aangedoen het as ek u nie betyds gewaarsku het en op God se wil gewys het nie.

*P.J. de Bruyn.*

## ***Vreugde in die huwelik; hoe?***

U soek na blywende vreugde in u huwelik.

U sal dit alleen vind as Christus werklik in u huwelik teenwoordig is en daarin teenwoordig bly.

Anders gestel: U huwelik moet 'n afspieëling wees van die verhouding tussen Christus en sy gemeente — wat in die Bybel ook as 'n huweliksverhouding voorgestel word.

Paulus skryf aan die Efesiërs: "Manne, julle moet julle eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig..." En van die eensaamheid van man en vrou in die huwelik sê hy: "Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente" (Ef. 5:25, 26, 32).

Dit beteken dat u huwelik daaglik gekenmerk moet word deur opofferende liefde vir mekaar, vergewensgesindheid, selfverloëning, berou en skuldbelydenis as iets gedoen is wat nie reg is nie.

Om meer konkreet te wees, wil ek pertinent die aandag vestig op enkele sake wat vir blywende vreugde in u huwelik absoluut noodsaaklik is.

### **1. LEWE MET GOD.**

Dit is die vernaamste. As man en vrou werklik met God lewe en voortdurend hulle hulp en krag in die gebed by Hom soek, sal hulle daarin die magtigste steunpilaar vind om die liefde steeds te laat groei en dit te bewaar teen verkoeling. Hulle sal ervaar hoe God te midde van smarte, krisis en teleurstellings hulle in hulle huwelik sal ondersteun, bewaar en lei, want "die Here sal sy gunsgenote nie verlaat nie" (Ps. 37:28).

So 'n lewe met God sal man en vrou noodwendig daartoe bring om hulle liefde teenoor mekaar steeds te gaan toets aan die maatstaf van die hele Woord van God, maar dan veral aan die volgende treffende woorde uit 1 Korinthiërs 13: "Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie. soek nie sy eie belang nie, is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles".

### **2. WEES METGESELLE VER MEKAAR.**

In Maleagi 2:14 word die mans verwytd omdat hulle nie meer "metgeselle" vir hulle vrouens is nie.

Wat word met *metgesel* in hierdie verband bedoel? "Dit is iemand wat saam met jou die pad loop. Dit vereis meelewing, saambelewe van alles wat op die pad voorkom. Metgeselle is mekaar tot hulp en steun. Dit beteken: God vereis in die huwelik van man en vrou dat hulle nie elkeen hul eie koers, 'n eie pad sal loop nie, nie op twee lewenspaie sal beweeg wat mekaar soms op een punt raak nie. Metgeselle wandel saam op een pad" (J.J. van der Walt).

As metgeselle moet hulle tyd maak vir mekaar: Tyd om aandag te gee aan die laste, vreugde of verdriet wat die ander ervaar en mekaar daarin ondersteun.

As metgeselle moet hulle 'n begrip hê vir mekaar se gevoelens en toon dat hulle dit ook steeds in ag wil neem.

### **3. OFFER VIR MEKAAR.**

Besiel deur die aangrypende betekenis van Christus se offer vir ons, moet ons bereid wees om vir mekaar te offer en op te offer. So sal ek my man of vrou daadwerklik laat voel wat dit beteken om 'n huweliksmaat te hê met soveel opofferende liefde. Dit wek waardering en dankbaarheid wat altyd met egte liefde gepaard gaan. Bowendien, 'n offer wat in liefde gebring word, sal nooit swaar wees nie.

Die woorde van Christus: "En elkeen wat van jou een myl afdwing, stap met hom twee myl saam" (Mat. 5:41), kry hier 'n besondere betekenis. Dit beteken dat wanneer man en vrou verplig is om vir mekaar op te offer, hulle nie slegs die noodsaaklike minimum moet doen wat hulle werklik aan mekaar verskuldig is nie, maar meer, baie meer moet doen. So 'n optrede sal ongetwyfeld daartoe bydra om 'n kwynende liefdesvlam weer hoog te laat brand.

### **4. VERGEWENSGESINDHEID.**

Sonder vergewensgesindheid is 'n huwelik van twee sondige mense wat boonop op 'n sondige aarde lewe, nie moontlik nie. Daarom moet man en vrou vashou aan die woorde van Paulus as hy sê: "Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God in Christus ook julle vergeef het" (Ef. 4:31). Uit dit alles kan u duidelik sien: As Christus werklik in u huwelik teenwoordig is, is blywende vreugde daarin nie net 'n vae moontlikheid nie, maar 'n konkrete werklikheid.

*P.J. de Bruyn.*

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520. Tel. 23831.